

## **Die dier uit die aarde as vals profeet (OP8)**

### **Openbaring 13:11-18**

**6 September 2020**

Die afgelope twee weke het ons begin om te kyk na die tweede hoofdeel van die boek Openbaring. Ons het gesê in hierdie deel van die boek openbaar God aan ons wat agter die gebeure sit waarvan ons in die eerste hoofdeel kennis geneem het. In Openbaring 12 het ons gesien wat die draak, oftewel duiwel, doen. Hy is vyandig teenoor die Seun wat uit die vrou gebore sou word, en toe die Seun weggeruk word na die hemel, en hy uit die hemel gewerp is, spits hy sy woede toe op die vrou, i.e. die kerk. Laasweek het ons geleer hy werk nie alleen nie. Hy werk saam met die dier uit die see aan wie die draak mag gee. Die dier uit die see boots Jesus na, maar werk teen Jesus. Hy is die antichris wat in gesagstrukture optree waar hy en die draak deur alle mense wie se name nie in die boek van die lewe opgeskryf is nie, aanbid word.

Vandag kyk ons na nog 'n medewerker van die draak en die dier uit die see. Hierdie keer is dit die dier uit die aarde. Ons besin weer oor die volgende:

- Wat ons in hierdie gedeelte leer van die dier uit die aarde
- Vergelyking van die dier uit die aarde met die Heilige Gees
- Implikasies vir ons

#### Die dier uit die aarde (Op 13:11-18)

Kom ons kyk na 'n beskrywing van die dier uit die aarde volgens Op 13:11-18:

Vers 11 beskryf hierdie dier as 'n lam met twee horings. Die feit dat die dier as 'n lam beskryf word, suggereer dat daar iets van 'n verbintenis is met die Lam wat geslag is, al is dit dan 'n negatiewe verbintenis. Ons lees hy het twee horings. As ons dit vergelyk met die dier uit die see of die draak self wat elkeen 10 horings gehad het, dan is hierdie dier minder vreesaanjaend. 'n Lam met twee horings boesem nie die vrees in van 'n dier met sewe koppe en 10 horings nie.

Ook volgens vers 11 is dit duidelik dat hierdie dier praat. En hy praat soos 'n draak. Onthou die draak was die duiwel self in Op 12. As jy Op 16:13 en 19:20 lees, sien jy die dier uit die aarde word juis as die vals profeet beskryf. 'n Profeet is iemand wat praat. Maar hierdie profeet praat soos 'n draak – die draak. Onthou ook die dier uit die see wat godslasterlike dinge gesê het (Op 13:5), en dit word duidelik dat al is hierdie dier uit die aarde oënskynlik nie vreesaanjaend nie, tree hy op namens die draak. En ons kan verwag dat wat hy sê, vals sal wees. Die beeld van die lam is dus ietwat skelm gerusstellend. In die sewe briewe het ons al gesien hoe hierdie dier selfs in die gemeentes gewerk het – kyk maar na Op 2:14-15 waar daar in Pergamum aanhangers was van die leer van Bileam en die Nikolaiëte. Jesus het ook al hierteen gewaarsku, soos bv in Mat 7:15: “Pasop vir die vals profete. Hulle kom na julle toe in skaapsklere, maar in werklikheid is hulle verskeurende wolwe”.

Nie net praat die dier uit die see nie. Volgens vers 12 oefen die dier uit die aarde die gesag uit van die dier uit die see. En boonop sorg die dier uit die aarde dat die dier uit die see aanbid word. Onthou die dier uit die see het op sy beurt sy mag ontvang van die draak (vers 2) en hy het toegesien dat die mense die draak aanbid (vers 4). M.a.w. die draak, dier uit die see en die dier uit die aarde het aldie een agenda: godslastering. Hulle werk saam, en streef daarna dat die draak/duiwel aanbid word.

Hoe gaan die dier uit die aarde te werk om mense te oortuig om die dier uit die see/draak te aanbid? Vers 13 beskryf dat die dier uit die aarde groot wonders doen:

- Hy kan selfs vuur uit die hemel laat kom sodat mense dit kan sien, en beïndruk kan wees daardeur. Aan wie laat dit jou dink as jy hoor vuur is uit die hemel afgebid? Tog sekerlik aan Elia. Onthou die gebeure in 1 Konings 18. Elia daag die Baälprofete uit om tot Baäl te bid sodat hy vuur sal stuur om hulle offer te verbrand. Maar niks gebeur nie. Daarna bid Elia tot die Here, nadat hy sy offer en die altaar met water natgegooi het. Let op wat bid Elia in vers 37: "Antwoord my, Here, antwoord my tog dat hierdie volk kan beseef dat U, Here, God is, en dat dit U is wat hulle harte weer tot U bekeer." Toe kom daar vuur uit die hemel en verteer alles: offer, hout, klippe, grond en lek selfs die water op. Die volk val op die grond en roep uit: "Die Here is God! Die Here is God!". Wat was die gevolg? Die volk begryp die Here is God. Die doel van die dier uit die aarde is dieselfde: hy wil die bewoners van die aarde oortuig die draak is god!
- Op 13:14 beskryf dat die dier wondertekens namens die dier doen. Dink byvoorbeeld aan die tekens wat Moses voor die Faraó moes doen. Onthou hoe Moses in Eksodus 4 bekommerd is dat die volk hom nie sal glo dat die Here hom gestuur het om hulle te verlos nie. Dan gee die Here vir hom wondertekens: kiere wat 'n slang word, hand wat melaats word en water van die Nyl wat in bloed verander. Eks 4:31 sê die volk het Moses geglo nadat hy hierdie tekens voor hulle gedoen het. In Eksodus 5:2 is die Faraó se reaksie as Moses en Aäron die eerste keer voor hom verskyn: "En wie is die Here nogal dat ek na Hom sal luister om Israel te laat gaan?" Ons weet hoe die 10 plaë op die ou end die Faraó by die punt gebring het om die volk te laat gaan. Die dier uit die aarde het dieselfde taktiek. Hy wil wondertekens gebruik om die bewoners van die aarde te oortuig om die draak te aanbid
- Het jy opgelet? Moses en Elia. Die twee groot profete van die Ou Testament. Ons het in Op 11:6 ook gesien dat daar juis na hierdie 2 profete verwys word as die werk van die 2 getuies (d.w.s die kerk) beskryf word. Weereens het ons nabootsing deur die dier uit die aarde.
- Onthou wat het Jesus in Mark 13:22-23 geleer: "Daar sal vals christusse en vals profete na vore kom, en hulle sal tekens en wonderwerke doen om, as dit moontlik was, die uitverkorenes te mislei. Julle moet daarvoor op julle hoede wees. Ek het alles vir julle vooruit gesê."
- Lees ook 2 Tess 2:9-11: Hierdie gedeelte beskryf dat die wettelose mens eers moet kom, voordat Christus sal terugkom na die aarde. In verse 9-11 word beskryf dat hierdie koms van die wettelose mens gepaard sal gaan met groot magsvertoon en met allerhande valse tekens en wonders waardeur almal wat nie die waarheid glo nie, verlei sal word – trouens God gee hulle aan hierdie dwalings oor juis omdat hulle nie die waarheid glo nie. Natuurlik sal dit 'n klimaks bereik net voor die wederkoms, maar saam met wat ons in Op 13 lees moet ons gewaarsku wees dat op pad na die einde toe, hierdie tipe van dinge gaan gebeur.

Hierdie dier uit die aarde laat volgens verse 14-15 ook 'n beeld bou vir die dier uit die see, i.e. vir die valse christus. Boonop blaas hy dan asem in hierdie beeld – en die gevolg daarvan is dat die beeld kan praat. Wat dink jy sê hierdie beeld? Wel as ons verse 5 en 6 in gedagte hou, dan is dit duidelik dat hierdie beeld teen God, God se Naam, die hemel en almal in die hemel sal laster. Onthou jy wat lees ons in:

- Gen 2:7 – God het asem in die mens geblaas, en so het hy "'n lewende siel" geword (OAV). Wie het die lewe in die mens geblaas? Heelwaarskynlik die Heilige Gees.
- 2 Tim 3:16 – Die hele Skrif is deur God ge-aseem. Wie het dit ge-aseem? Tog sekerlik die Heilige Gees.

Sien jy? God asem en die mens ontvang 'n siel wat kan verstaan. God asem, en ons ontvang die Woord wat vir ons leer wie God is en wat God doen. Die Heilige Gees asem lewemakend in

gelowiges se harte en hulle kom tot bekering en volg die Here. Sien jy wat die dier uit die aarde probeer doen? Hy probeer die werk van die Heilige Gees naboots. Hy wil "lewe" in mense se harte skep deurdat die beeld van die valse Christus praat. Geen wonder hy word die vals profeet genoem nie.

In vers 16 word dit duidelik wie die dier uit die aarde in sy visier het. Dit is mense vanuit al die vlakke van die samelewing: klein en groot, ryk en arm, vryes en slawe. Hy teiken dus alle mense. Ja, ons weet dat die wie se name in die boek van die lewe opgeteken is, nie sal inkoop by sy valse leringe nie, maar hy teiken alle mense, insluitende hierdie mense. Dit is hoekom sy effek selfs in die sewe gemeentes sigbaar is.

Volgens verse 16-17, word mense wat nie die teken van die dier op hulle regterhande of voorkoppe dra nie, nie toegelaat om te koop of verkoop nie. Voordat ons oor die merk van die dier praat, eers die volgende 2 opmerkings:

- Ons het reeds op verskeie plekke in Openbaring gelees dat die gelowiges 'n seël ontvang – dink maar aan die seël van die lewende God op die voorkoppe van die 144 000 in Op 7:2-3. Hierdie seël dui eienaarskap aan, en sê ook dat hulle in karakter ooreenstem met die lewende God. Let daarop dat die dier uit die aarde bloot 'n teken gee aan sy volgelinge, terwyl Jesus 'n seël gee. Die dier uit die aarde boots na, maar kan nie waarborgte gee saam met sy teken nie. Maar met sy teken wil hy ook eienaarskap aandui.
- Die feit dat die merk op die regterhand en voorkop aangebring is, is waarskynlik nabootsing van: (1) Eks 13:9 – die fees van die ongesuurde brood moes soos 'n teken op hulle hand of voorkop wees wat hulle herinner het aan hulle verlossing uit Egipte (2) Deut 6:6-9 – die opdrag aan die Jode om die wet van die Here te onthou deur herinneringstekens vas te bind aan hulle hande en voorkoppe (phylacteries)

Kom ons besin kortliks oor wat die merk van die dier is. Vers 18 is een van die mees gedebateerde verse in die Bybel.

- Merk van die dier = naam van die dier = getal van die dier = mens se getal = 666
- 'n Baie populêre siening is om Gematria beginsels te gebruik om die getal te interpreteer. Hier word getalle aan letters toegeken: A=1,...J=10,..., K=20,...S=100, T=1000,... Keiser Nero, vertaal in Hebreeus (onthou Openbaring is in Grieks geskryf), verkeerd gespelt (laat 1 letter uit) tel op na 666 (of 616)....
- Ek sien nou die dag daar is 'n nuwe manier van gematria: A=1, B=2, ens. As jy dan die numeriese waarde van die letters in die woord "corona" bymekaar tel, kry jy 66. En as jy dan onthou dat "corona" 6 letters is, is dit glo kristalhelder duidelik dat "corona" 666 is.
- Ons het nie vorige getalle in Openbaring op hierdie manier geïnterpreteer nie, en daarom moet ons nie nou anders optree nie. Die getal 7 in Openbaring is sekerlik die volheidsgetal (dink maar aan 7 Geeste, 7 gemeentes). 6 is amper 7, maar 6 is nie 7 nie. Die mens is op die 6de dag geskep. 6 kan dus die getal van die mens wees. Die mens streef om soos God te wees – dink maar net aan die sondeval gebeurde. Maar hy sal nooit God wees nie. Die dier streef ook om God te wees – maar sal dit ook nooit wees nie. Daarom is die getal wat jy met die dier assosieer ook 6. Maar God is die Drie Eenheid – dus is Hy 777. Hierdie onheilige, nabootsende drie-eenheid is dus 666.

#### Vergelyking van die dier uit die aarde met die Heilige Gees

Die dier uit die aarde is die vals profeet, en verteenwoordig alle vals profete. Hy verlei mense om die dier uit die see, en dus die draak, te aanbid deur soos 'n draak te praat. Ons moet dus alle valse

leringe of godsdienste hier in gedagte hê. Hy gebruik selfs wondertekens om mense te oortuig. Hy laat diegene wat nie hieraan deelneem nie (dit is die ware gelowiges), doodmaak of maak dat hulle nie kan koop of verkoop nie.

Die Heilige Gees	Dier uit die aarde
Oefen gesag uit van Christus (Joh 16:13, 14)	Oefen gesag uit van dier uit die see (Op 13:12)
Bewerk geloof in Christus (Joh 16:7-8, 1 Joh 2:26-27, Eseg 36:26-27))	Bewerk geloof in dier uit die see (Op 13:12)
Heilige Gees werk met Jode en nie-Jode uit alle volke, stamme, tale en nasies (bv. Hand 10:44-47)	Hy teiken all mense: groot en klein, ryk en arm, vryes en slawe (Op 13:16)
Wonderwerke (tale, tonge van vuur, geluid van stormwind) (Hand 2:1-11)	Wonderwerke (vuur uit hemel, wondertekens) (Op 13: 13,14)
Asem in die mens, Woord (Gen 2:7, 2 Tim 3:16) – Godverheelikend en lewemakend	Asem in beeld van dier uit die see sodat hy godslasterlik kan praat (Op 13:15)

Ons moet nie verbaas wees dat vals profete 'n groot aanhang het, of selfs wondertekens kan doen nie. Hy het gesag – weliswaar gesag wat aan hom gegee is, maar hy het gesag. En hy beïndruk die wêreld.

#### Implikasies vir ons

- Satanisme kan sekerlik gesien word as een vorm van die dier uit die aarde in die tyd waarin ons leef. Ek is nie 'n kenner op die gebied van satanisme nie, en gaan nie veel hieroor sê nie. Ek wil eerder klem laat val op meer “subtile” werke van die dier uit die aarde.
- Ek lees nou die dag van die sogenaamde Sunday Assembly. Hulle is aktief in Amerika, Europa en Australië. Hulle is in 2013 gestig – nogal deur 2 stand-up comedians, Jones en Evans. Hulle doel is: “to have a godless congregation in every town, city and village that wants one”. “The Assembly will solace worries, provoke kindness, and inject a touch of transcendence into the everyday”. “Life can be tough... It is. Sometimes bad things happen to good people...we want the Sunday Assembly to be a house of love and compassion, where you are welcomed and loved”. Volgens hulle het navorsing gewys mense wat gereeld kerk toe gaan is gelukkiger as ander, en hulle wil daarna streef om dieselfde geleentheid aan ateïste te gee. Hulle byeenkomste lyk merkwaardig dieselfde as 'n tipiese erediens: hulle sing, motiveringsspreker/tegniese kundige “preek”, stil refleksie (i.p.v. bid) ens. Hulle maak aanspraak daarop dat hulle geen “doctrines, set texts or deity” het nie. “We are born from nothing and go to nothing. Let’s enjoy it together”. Dit lyk vir my na 'n dier uit die aarde! Hierdie is 'n ekstreme vorm van nabootsing van wat in die kerk gebeur. Maar is dit nie maar wat baie mense beoefen as hulle ontvlugting soek in sport, sosiale vereenigings of inspirerende praatjies nie. Ek sê nie jy koop in by die dier uit die aarde as jy aan sulke aktiwiteite deelneem nie, maar as dit die plek begin inneem van godsdienstebeoefening of die kerk, moet jy wakker word. Onthou, die dier uit die aarde lyk onskadelik soos 'n lam, maar hy praat soos 'n draak.
- Daar is ook ander subtile vorms wat gevaarlik is om gelowiges wat nie wakker is nie, te mislei. Hier is 'n paar voorbeelde uit die tradisionele kerklike lewe in Suid Afrika wat ek oor die laaste paar jaar raakgeloop het:
  - Dooie formalisme: Ons werk saam met een van die tradisionele kerke in ons omgewing in 'n sekere uitreikaksie. Toe ons onlangs 'n krisis gehad het met die uitreikaksie, het ons verskeie vergaderings/gesprekke gehad onder hulle leiding oor die krisis – nie een enkele keer het ons saam gebed nie! Is dit die resultaat van 'n fyn

uitgewerkte plan van die dier uit die aarde om die werk van die Heilige Gees in die aanbidding van Jesus te ondermyn?

- Evangelielose prediking: As jy op die internet rondsoek of na verskillende kerke gaan, kan jy na baie preke luister. Ek het al verskeie geluister wat die punt van die teks mis. Byvoorbeeld, 'n preek oor die SiroFenisiëse vrou waar die hele kwessie van die hondjies gemis word, selfbeeldverklaring van die Dawid/Goliath verhaal, 'n preek wat nie 'n Bybelgedeelte as teks gebruik nie, maar wel die liedjie "Lord of the dance", 'n dominee wat openlik verklaar hy weet nie waar die dood vandaan kom nie
- Nuwe verbeterde sakramente: Tradisionele kerk wat verskeie addisionele beloftes deel gemaak het van die doopsbediening waarvoor daar geen Skrifbasis is nie. Die sakrament het 'n humanistiese ritueel geword.
- As ek kerklike tydskrifte lees, dan voel ek soms ons hou krampagtig vas aan wat die 16de eeuse reformatore geleer het. Natuurlik is dit in beginsel reg en goed – ons moet nooit die duur lesse wat hulle geleer het, vergeet nie. Maar daar is baie kwessies wat die dier uit die aarde en see vandag op die toneel bring waarvan Luther en Calvyn niks geweet het nie. Dit is ons wat die verantwoordelikheid het om sin te maak van ons leeftyd, en om leiding te gee in terme van wat waar en wat vals is.

Kan ek jou wakker skok: Gelowiges wat naïef in hierdie wêreld en selfs in gemeentes leef, en wat nie wakker is en kennis neem van wat in die politiek of die wêreldgeskiedenis of in sosiale vraagstukke of in die wetenskap of selfs in die kerklike lewe van ons dag aan die gebeur is nie, is onverantwoordelik en loop die risiko om spreekwoordelik in kloosters te woon. Dit is onwaarskynlik dat hulle effektief sout vir die aarde en lig vir die wêreld kan wees vir die tyd waarin hulle leef. Hulle is "sitting ducks" vir die dier uit die aarde, die see en die draak!.

Mag ons wakker en nugter wees in hierdie wêreld, getroue getuies wat aktief meewerk aan die uitbreiding van God se koninkryk!